


In ons reeks, Volg My, kyk ons hierdie week na die lewe van Matteus as een van die dissipels van Jesus.

Matteus was ‘n tollenaar en kon snelskrif, daarom is sy evangelie dikwels meer volledig geskryf as die ander, want hy kon inligting vinnig neerskryf.

Die Here roep hom as dissipel op sy ander naam, Levi.  Lees die volgende teksgedeelte saam.

'Daarna het Jesus uitgegaan en 'n tollenaar met die naam Levi by sy tolhuis sien sit, en Hy sê vir hom: “Volg My.” Hy het alles net so laat lê en opgestaan en Jesus gevolg. Levi het 'n groot feesmaal in sy huis gehou ter ere van Jesus, en 'n groot aantal tollenaars en ander mense het saam met hulle aangesit. Die Fariseërs, en veral die skrifgeleerdes onder hulle, het by sy dissipels gekla en gesê: “Waarom eet en drink julle saam met tollenaars en sondaars?” Toe antwoord Jesus hulle: “Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense wat op die regte pad is, tot bekering te roep nie, maar sondaars.” '

**LUKAS 5:27-32**




*Wat staan vir jou uit in hierdie teks?*

*Watter tipe mens dink jy was Matteus as jy hierdie gedeelte lees?*

*Wat was die dissipels se reaksie?*

*Wat bedoel Jesus met sy laaste antwoord?*

Kyk bietjie na die oorsig van die boek Matteus en hoe dit Jesus as die ware Messias beskryf.




DIE EVANGELIE VOLGENS
MATTEUS
SKRYWER:?
30-40 JAAR VAN MONDELINGE TRADISIE
VROEGSTE TRADISIE
Matteus
SIEN 9:9 & 10:3
MATTEUS
1. MESSIAS UIT DIE NAGESLAG VAN DAWID
2. NUWE MOSES
3. GOD MET ONS
Dinge om na op te let
#1 SLAAN OU TESTAMENTIESE AANHALINGS NA (DAAR IS BAIE)
#2 KYK MOOI NA DIE MENSE WAT JESUS AANVAAR
NIE-GODSDIENSTIG & ONBELANGRIK + GELOOF = TRANSFORMASIE
NUWE MOSES
MOSES | JESUS
UIT EGIPTE | UIT EGIPTE
DEUR DIE ROOI SEE | DOOP IN DIE JORDAAN RIVIER
WILDERNIS VIR 40 JAAR | WILDERNIS VIR 40 DAE
ONTVANG WET VAN BERG | GEE WET VAN BERG
JESUS > MOSES
BEVRY VAN SLAWERNY
GEE NUWE GODDELIKE ONDERRIG
RED VAN SONDES
BEGIN 'N NUWE VERBOND
1-3
ABRAHAM ... DAWID ... JESUS
KOPPEL JESUS AAN OU TESTAMENT
VERVUL OU TESTAMENT PROFETIESE BELOFTES
JESAJA HFST 60
BETLEHEM
MIGA HFST 5
MAAGDELIKE GEBOORTE
JESAJA HFST 7
Immanuel = GOD MET ONS
4-7
KONDIG GOD SE KONINKRYK AAN
BERGREDE (HFST. 5-7)
GOD SE REDDINGSOPERASIE VIR DIE WÊRELD
BOOSHEID
KONFRONTEER BOOSHEID
HERSTEL GOD SE HEERSKAPPY
SKEP 'N NUWE FAMILIE
HOE OM IN GOD SE KONINKRYK TE LEWE
ONDERSTEBO KONINKRYK
VERVUL DIE TORA
TRANSFORMEER HARTE TOT LIEFDE
8-10
JESUS BRING KONINKRYK IN MENSE SE LEWES
STUUR DIE 12 (HFST. 10)
VERWAG AANVAARDING EN VERWERPING
MELAATSE
SOLDAAT SE DIENSKNEG
SIEK MA
VOLG MY!
STORMAGTIGE SEE
BESETE MANS
VERLAMDE MAN
VOLG MY!
DOOIE MEISIE & SIEK VROU
TWEE BLINDE MANS
STOM MAN
11-13
REAKSIES TOT JESUS
GELYKENISSE OOR DIE KONINKRYK (HFST. 13)
POSITIEF: MENSE — JESUS IS DIE MESSIAS!
NEUTRAAL: JOHANNES DIE DOPER — IS HY DIE MESSIAS..?
NEGATIEF: FARISEËRS — HY IS NIE DIE MESSIAS!
GELYKENISSE ALS KOMMENTAAR
14-20
VERSKILLENDE VERWAGTINGE OOR DIE MESSIAS
DIE ONDERSTEBO KONINKRYK
EER DEUR TE DIEN
WRAAK VS VERGIFNIS
ONTVANG WARE RYKDOM DEUR DIT WEG TE GEE
HFST. 18 & 19-20
JOODS
NIEJOODS
HY'S DIE MESSIAS!
JESUS
WIE SÊ JULLE IS EK?
U IS DIE MESSIAS!
LYDENDE DIENAAR
JESAJA HFST 53
VS
PSALM 2 & DANIËL 2
OORWINAAR! VERSLAAN HEIDENE!
FARISEËRS
PETRUS & DISSIPELS
21-25
KONFLIK VAN KONINKRYKE
KRITIEK TEEN FARISEËRS
JULLE SKYNHEILIGES!
HFST 23-25
NUWE JERUSALEM
HANDHAAF GESAG
SIEN TEMPEL AS VERONTHEILIG DEUR SKYNHEILIGHEID
BELEDIG
BESLUIT OM JESUS DOOD TE MAAK
26-28
PAASFEESMAAL | NUWE BETEKENIS
VERTEL WEER DIE VERHAAL VAN... | RED VAN...
REDDING UIT SLAWERNY = BOOSHEID & SONDE
DOOD VAN DIE PAASLAM = DOOD VAN JESUS
U IS NIE DIE MESSIAS!
U HET GOD GELASTER!
SANHEDRIN (JOODSE LEIERS)
PILATUS
HY'S ONSKULDIG MAAR...
LAAT HOM GEKRUISIG WORD!
NIE 'N MISLUKKING NIE
HET DIE OU TESTAMENT PROFETIESE BELOFTES VERVUL
LYDENDE DIENAAR
JESAJA HFST 53
IN PLAAS DAARVAN OM HULLE TE OORDEEL WORD HY NAMENS HULLE VEROORDEEL
GROOT OPDRAG
JESUS IS DIE KONING VAN DIE WÊRELD
VERTEL AAN AL DIE NASIES DIE GOEIE NUUS
ALLE MENSE KAN DEEL WORD VAN DIE KONINKRYK
WORD GEDOOP
VOLG JESUS SE ONDERRIG
EK SAL MET JOU WEES -Immanuel-
1
2
3
4
5
BOEKE VAN MOSES (TORA)
geskep deur BibleProject

In Matteus vind ons baie stories wat na Jesus se genade verwys en na Sy hart vir mense wat swaarkry en op die onderkant van die samelewing se rangorde is.

Een so ‘n voorbeeld is uit die Bergrede – een van die bekendste en mees noemenswaardige preke ooit.

Lees Matteus 5:1-12.

'Toe Jesus die menigte mense sien, het Hy teen die berg opgegaan. Nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom toe gekom, en Hy het hulle geleer en gesê: “Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word. Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang. Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word. Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien. Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. “Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg.” '



# MATTEUS 5:1-12

*Wat staan vir jou uit in hierdie gedeelte?*

*Wanneer beskou jy dit dat jy geseënd is?  Hoe verskil hierdie preek van daardie siening?*

*Beleef jy dat die Here by jou is in tye van nood?  Hoe ervaar jy dit?*

*Beleef jy dat die Here genade aan jou bewys wanneer jy dit eintlik nie verdien nie?*

Matteus het Jesus se genade eerstehands beleef en baie daaroor geskryf. Sy naam beteken juis “Geskenk van God” – genade is ‘n geskenk wat Hy vir elkeen van ons gebring het.

Jesus het ‘n verkeerdom koninkryk aan Sy dissipels kom openbaar.  Hy is juis by ons wanneer niemand anders ons aanvaar of goedkeur nie.  Jesus sien ons raak in ons diepste nood en nooi ons steeds om aan Sy tafel te kom sit.

*Hoe kan jy hierdie week dalk dinge op ‘n verkeerdom/ anderste manier aanpak om weer vreugde en vrede te ervaar?  In plaas van baklei en stry en veg, hoe kan jy tot seën wees vir ander?*



Die Nagmaalstafel is ‘n bewys van Jesus se genade aan Sy dissipels en die mensdom.  Selfs al sou Petrus vir Jesus verloën, Judas Hom verraai, Tomas twyfel…het Hy steeds die brood en wyn vir hulle gegee en hulle deel gemaak van Sy lyding, kruisiging en opstanding.

*Aanvaar jy die brood en wyn wat Hy vir jou uitdeel?*

*Aanvaar jy die genade en leef jy daarvolgens?*

Moenie God se genade ligtelik opneem en daarmee speel nie – gebruik dit, eet en drink dit, en gaan deel dit uit aan almal rondom jou.

**GEBED:**

- Here, dankie dat U aan my genade betoon!
- Dankie vir die geskenke wat ek onverdiend uit U hand ontvang.
- Maak oop my oë en ore om die nood rondom my raak te sien en tot seën te wees!

AMEN.